H. B. Thom
191. T. 2 (40)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No.

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 / 3-3117

Privaatsak / Private Bag X298
PRETORIA

HULDIGINGSREDE: DR. D.F. MALAN

DEUR PROF. H.B. THOM

(KONGRES VAN DIE NASIONALE PARTY VAN KAAPLAND,
D.F. MALAN-GEDENKSENTRUM, STELLENBOSCH, 4 NOVEMBER 1974, 8 NM.)

Dit is gepas dat ons in 1974, honderd jaar na die geboorte van dr. D.F. Malan, hulde bring aan sy nagedagtenis; dit is veral gepas dat ons dit doen in die D.F. Malan-Gedenksentrum - hierdie indrukwekkende gebou wat tot sy eer opgerig is; en dit is bowenal gepas dat dit geskied deur, en in die midde van, die Nasionale Party, die party wat onlosmaaklik met sy naam verbonde is.

Ons staan stil by dr. Malan se nagedagtenis; ons roep hom in die gees voor ons op; ons probeer vasstel waarvoor hy gestaan het en wat dit vir ons beteken het. Ons kan dit doen deur 'n oorsig van sy lewe te gee, of deur 'n opsomming van sy staatkundige hoogtepunte of belangrikste prestasies te maak. ~~Laat ons egter meer~~ fundamenteel dink: laat ons sy vernaamste politieke denkbeelde identifiseer en laat ons dit dan kortliks in perspektief probeer stel.

Dr. Malan se denkbeelde moet noodwendig teen die agtergrond van sy herkoms gesien word. In sy afstamming is Hugenotebloed sterk oorheersend: Van die stamvader (Jacques Malan) af, deur die sewe geslagte heen tot by dr. Malan, het die moeders, met één uitsondering, naas die vaders almal Hugenote-vanne gehad. Die voorgeslagte was deurgaans godsdienstige mense,

en het/.............

en het almal in die boerdery gestaan. Op één uitsondering na, het hulle almal welgestelde mense geword. Hulle het ook almal - kenmerkend van Calviniste - groot waarde aan die onderwys en opvoeding geheg.

Dit is asof die groot kragte in dr. Malan se herkoms in sy ouerlike woning op die Bolandse boereplaas Allesverloren by Riebeek-Wes saamgetrek word. Daar bestaan 'n sterk gesinsband, en daar is 'n strenge dissipline wat veral van die vader uitgaan; daar heers 'n sterk godsdienstige gees wat sowel in die persoonlike lewe as die kerklike lewe duidelike uitdrukking vind; X daar is hoë waardering van die onderwys; en daar is 'n onmiskenbare vaderlandsliefde, soos o.a. blyk uit die feit dat dr. Malan se vader lank voorsitter van die Afrikanerbond in Malmesbury was.

Sondagskool!

Dit is nie vreemd nie dat dr. Malan as jong man meer gevorderde onderwysgeriewe gaan soek het as wat sy onmiddellike omgewing gebied het. Hy is Stellenbosch toe waar hy gestudeer het onder die leiding van bekwame leermeesters, o.a. diepsinnige, waardige Afrikaners soos proff. N.J. Hofmeyr, J.I. Marais, P.J.G. de Vos en C.F.J. Muller. Daarna is hy na Utrecht in Nederland, waar hy hom veral in die Wysbegeerte verdiep en na vier jaar promoveer met 'n dissertasie getiteld Het Idealisme van Berkeley.

Dit was in dié tyd dat hy vanuit die vreemde die vryheidstryd van die republieke in Suid-Afrika met opregte meelewing gade geslaan het en ook ernstig getrag het om in die kringe waarin hy beweeg het, die Boeresaak te dien. Hy is onder die groepie Afrikaners wat in Desember 1900 die geesdriftige ontvangs van pres. Kruger op die spoorwegstasie van Utrecht meemaak. In Utrecht, Amsterdam en elders sien hy warme meegevoel vir die Afrikanerboer; en sy volksgevoel bruis op in 'n brief aan sy ouers: "Het doet het hart van een Afrikaner goed zooveel warmte voor onze zaak te zien". Dit hoef 'n mens nie te verwonder nie dat jy in 'n brief van hom aan 'n vriend in Suid-Afrika kort voor sy vertrek uit Nederland die veelseggende woorde vind: "Ik het mij voorgenomen met mijne zwakke krachten te gaan werken voor het Afrikaner volk en van den weg geen duimbreed te wijken".

Met/..............

Met dié oortuiging keer die jong D.F. Malan in Februarie 1905 in Tafelbaai terug. Sy ondervindinge wat direk hierop volg, t.w. die bediening agtereenvolgens op Heidelberg (Tvl.), Montagu en Graaff-Reinet, en sy aanvaarding van die redakteurskap van <u>Die Burger</u> (aanvanklik nog <u>De Burger</u>) in 1915, het verder vorm gegee aan wat daar in sy gees omgegaan het.

Hier het ons dan baie kort die agtergrond waarteen die opvattinge van dr. Malan gesien moet word. Sonder inagneming hiervan sal 'n mens sy oortuiginge, en veral die doelgerigtheid wat hy by die uitvoering daarvan aan die dag gelê het, nie behoorlik kan begryp nie.

In sy staatkundige denke staan sy volk, die Afrikanervolk, onbetwisbaar in die swaartepunt. Dit is iets wat uit sy vorming voortvloei en dwarsdeur sy lewe vir hom 'n konstante determinant uitmaak. Dit is iets wat nie bloot rasioneel verklaar kan word nie, maar iets wat baie diep lê: in die diepte van sy gees vanwaar dit sy denke beïnvloed het en dikwels bepalend ingewerk het.

Hy het lank met homself geworstel voordat hy besluit het om kansel en gemeente vir die politiek te verruil, maar dit was uiteindelik die belange van sy volk wat deurslag gegee het. Sy eerste Burger-hoofartikel verskyn onder die tiel <u>Aan Almal wat Ons Volk liefhet</u>: Hy tree daarmee in die bres vir sy volk en gee die versekering: "daar ruis deur die ganse land 'n nuwe stroom wat steeds sterker word. Dit is die vaste wil om 'n volk te wees."

By tal van kultuurgeleenthede praat hy met liefde vir sy volk, soos bv. op 16 Desember 1938 by Bloedrivier: "In hierdie Eeufeesjaar het die Afrikanerdom homself weer ontdek. Opgestaan uit die stof van vernedering en eie veragting, eis hy nou volle erkenning vir homself, vir sy edele voorgeslag en vir sy nageslag". Sy liefde vir sy volk het gepaard gegaan met vertroue in sy volk. Hy eis Godsvertroue; hy eis volksvertroue; hy eis selfvertroue! Volksvertroue is die middelpilaar van sy gevleuelde woorde: <u>Glo in jou God!</u> <u>Glo in jou volk!</u> <u>Glo in jouself!</u>

Nou verbonde met sy liefde vir sy volk - en tot 'n groot mate 'n uitvloeisel daarvan - was dr. Malan se fundamentele opvatting van die noodsaaklikheid van volkseenheid. Sy beweegrede om die redakteurskap van Die Burger te aanvaar, was bowenal om die verskeurdheid onder Afrikaners te besweer. Genl. Botha het genl. Hertzog uit sy kabinet verdryf; genl. Botha en genl. Smuts het Suid-Afrika in 'n wêreldoorlog gebring waarmee tal van Afrikaners hulle ten enemale nie kon vereenselwig nie; en Afrikaner het op Afrikaner geskiet in die Rebellie. Gemoedere het hoog geloop, en daar was selfs imminente gevaar van 'n skeuring in die Kerk. "Ons harte is geskeur en ons volkslewe is verbitter. Ons drink die waters van Mara" - so het dr. Malan in Die Burger geskryf. Aan sy gemeente op Graaff-Reinet sê hy in sy laaste boodskap: "Ons verkeer tans seker in die ernstigste nasionale krisis wat ons nog ooit beleef het".

'n Mens moet egter daarop let dat hy nie maar 'n ongekwalifiseerde eenheid begeer het nie, nie eenheid bloot ter wille van eenheid as sodanig nie. Want dan kon dit 'n kunsmatige eenheid wees, 'n eenheid wat geen toetse sou kon deurstaan nie. Hy het 'n belangrike voorwaarde gestel: dit moes 'n eenheid van gelykgesindes wees, 'n eenheid van mense wat waaragtig één gevoel het. Die voorwaarde word pakkend saamgevat in sy gevleuelde wekroep: <u>Bring bymekaar wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort</u>!

Dit is wel só dat dr. Malan in die eerste plaas - en met intense liefde - aan sy eie volk gedink het; en dit is só dat hy eers en veral sy eie mense bymekaar wou bring. Maar sy staatkundige eenheidsideaal het verder gestrek; dit het Afrikaners en Engelssprekendes ingesluit.

Toe hy die regering in 1948 aanvaar, getuig hy met waardering van steun wat hy in die verkiesing ook van Engelssprekendes gekry het ........... "Daarmee is daar dan ook nuwe gemeenskaplike grond op 'n wye terrein tussen die twee groot blanke rasse gevind wat, as daarop voortgebou sal word, niks minder sal beteken nie as die totale uitskakeling van die sogenaamde rasse-

vraagstuk/...............

vraagstuk uit die politieke lewe van Suid-Afrika". En aan die end van sy lewe, wanneer hy in Môrewag sy herinneringe te boek stel, gee hy sy siening van 'n ruime politieke eenheid, "wat gaandeweg sy gesigseinder ook nog verder sou uitstoot, naamlik om bymekaar te bring almal, tot welke taalgroep hulle ook al mag behoort, wat deur innerlike politieke oortuiging bymekaar tuis hoort".

Die man van die Afrikanervolk, die man van Suid-Afrika, is ook demokraat; dit kan nouliks anders wees. Die demokrasie was soos 'n onmisbare fondamentsteen in die hele staatkundige denke van dr. Malan ingebou. "Ek glo in leierskap" - só verklaar hy met nadruk in sy herinneringe - "maar 'leierskap-in-rade', d.w.s. in leierskap in lewende kontak met my volk". ~~Dat genl. Hertzog in 1933 oor samesmelting met genl. Smuts, leier van die Opposisie, kon onderhandel sonder om sy ministers, sy koukus en sy partykongresse in sy vertroue te neem, was vir hom onverstaanbaar: "In 'n demokratiese land en in 'n demokratiese party was so iets beslis ongehoord".~~

~~Dit was op hierdie punt dat dr. Malan ook diametraal teenoor dr. Hans van Rensburg, Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag, te staan gekom het. Dr. Van Rensburg het wel verduidelik dat hy nie daaraan sou dink om 'n Nasionaal-Sosialistiese staatsvorm in Suid-Afrika te probeer afdwing nie, maar hy het ewewel onomwonde gesê dat hy 'n "Christelik-Nasionale Gesagstaat" vir Suid-Afrika voorstaan, en inmiddels was hy 'n selfverklaarde Nasionaal-Sosialis wie se simpatie, soos iedereen geweet het, by Hitler en die Nazi-stelsel gelê het.~~

~~Dr. Malan het 'n ander taal gepraat.~~ Hy verwerp alle vorme van ~~gekant teen die~~ diktatorskap ~~gekant~~. Op 3 Junie 1941 maan hy ernstig op die Uniale Kongres van die Nasionale Party in Pretoria: "Ons mag nie vergeet dat ons hele geskiedenis nog altyd in die rigting was weg van 'n diktatorskap oor liggaam of oor gees en weg van 'n gedwonge eenheidstelsel wat vir ons eie nasieskap en vir ons gewetensvryheid en vir ons ingeskape menslike regte geen plek gehad het nie". Iets meer as 'n jaar later sê hy weer: "Ons verwerp

daarom/................

daarom ook net so die diktator-beginsel, wat 'n essensiële kenmerk is van die totalitaristiese ideologieë en vir die massas van die volk geen ander funksie meer het nie as om bevele uit te voer en op te hou om self te dink en te vra ......."

Dr. Malan was demokraat; maar hy was meer bepaald republikein. 'n Mens hoor soms die bewering dat hy nie republikein was nie - en dan kan 'n mens onkunde of 'n tikkie moedwil of kwaadwil maar vergewe. Dit kan wel wees dat 'n leier, met name dr. Malan, gevind het dat hy die republikeinse ideaal - of watter ideaal ook al - om suiwer praktiese oorweginge onder gegewe omstandighede tydelik nie so aktief moes propageer nie. ~~Dit is~~ En as dit gebeur, is dit nie 'n vorm van twyfelagtige pragmatisme of huigelary nie; dis eenvoudig praktiese politiek, en alle verantwoordelike leiers moet die nodige gevoeligheid vir 'n situasie openbaar. In die politiek gaan dit immers - soos vrywel dwarsdeur die lewe - nie net om spiere nie, maar ook - en veral ook - om verstand.

Oor sy republikeinse oortuiging het dr. Malan geen twyfel gelaat nie. Dit was onder sy leiding dat die Nasionale Party van Kaapland in 1937 die republikeinse ideaal onomwonde in sy Program van Beginsels en Konstitusie ingeskrywe het; en vrywel dieselfde bewoording vind ons in hierdie verband in die Federale Raad se Program van Beginsels in 1940. Bowendien het hy in die Parlement en daarbuite, hom male sonder tal oor die Republiek uitgespreek. In 1942 eis hy, na 'n kragtige betoog in sy welbekende republikeinse mosie, dat die Volksraad ruiterlik standpunt inneem, t.w. "dat ons hoogste volksbelange alleen gedien kan word deur die omskepping van Suid-Afrika in 'n republiek". Later in dieselfde jaar kom hy, na 'n lang uiteensetting, in Pretoria tot die slotsom: "Die republiek en die republiek alleen kan vir Suid-Afrika 'n nuwe begin en 'n nuwe, gelukkiger toekoms skep".

Ook hier vind ons by hom 'n ruime opvatting. Hoeseer hy die man van sy volk was, en hoe naby sy eie mense ook al aan hom gestaan het, hy was realis genoeg om te weet dat as daar 'n republiek in Suid-Afrika moes kom, dit 'n republiek moes wees waarin albei blanke taalgroepe hulle kon tuis voel.

Ons/.................

Ons lees bv. in een van die resolusies wat hy vir die sg. Krisiskongres van 1941 opgestel het, en wat deur die Kongres eenparig aanvaar is, dat die republiek tot stand gebring sal word, "alleen met die getroue inagneming van gelyke taal- en kultuurregte van die twee seksies van die blanke bevolking".

'n Ander baie belangrike punt in die staatkundige denkbeelde van dr. Malan is sy geloof in die noodsaaklikheid van die skeiding van die rasse in Suid-Afrika. Hy het geglo dat mense van verskillende ~~kleur,~~ rasse, ten gevolge van ~~hulle~~ radikale verskille in hulle geestelike agtergrond en beskawingspeil, in die politieke en die sosiale lewe soveel doenlik van mekaar geskei moet wees: dit skakel wrywingspunte uit en bevorder vreedsame naasbestaan, dit skep vir nie-blankes geleenthede vir ontwikkeling wat hulle anders nie sal hê nie, en dit dien die behoud ~~van~~ en vooruitgang van die blanke wat vir die welsyn van Suid-Afrika onmisbaar is.

Op 30 Januarie 1940 stel hy as leier van die Nasionale opposisie hierdie saak in die Volksraad en wys hy veral op die gevaar van Kommunistiese en liberalistiese agitators: hulle "predik in Suid-Afrika gelykstelling in alle opsigte. Hulle druis lynreg in teen die gevoel en die tradisionele opvatting en die tradisionele politiek van die blanke bevolking van Suid-Afrika". Hy vra dat die Volksraad sal sorg dat "'n beleid van segregasie van blankes en nie-blankes op residensiële, industriële en staatkundige gebied sonder versuim deurgevoer sal word". By later geleenthede het hy sy standpunt meermale herhaal, en dan ook sekere aspekte daarvan nader uitgewerk.

Dit is dan, in hooftrekke, 'n paar van dr. Malan se politieke denkbeelde.

Soos aan die begin opgemerk is, wil ons ook probeer om ~~die staatkundige~~ hierdie denkbeelde ~~van dr. Malan~~ kortliks in perspektief te stel.

'n Mens sal nie beweer dat ~~sy~~ dr. Malan se politieke denke groot, nuwe konsepte behels ~~behels het nie, nie bv. Bantoetuislande of die volke-begrip soos dit deur sy opvolgers gekonsipieer en ontwikkel is nie; en 'n mens sou inderdaad nie wil beweer dat hy, ofskoon hy ook belangrike oorspronklike staatkundige bydraes gelewer het, by uitstek 'n oorspronklike denker was nie.~~

Sy krag/.............

het nie. Sy krag het eerder daarin gelê dat hy, grotendeels vanweë sy vorming en herkoms, aangevoel en geweet het wat in die gees van die rasegte nasionale Afrikaner - selfs Suid-Afrikaner - omgegaan het en dat hy daaraan uitdrukking gegee het. Hy het die smart van die Afrikaner geken, hy het sy volksaard verstaan, en hy het sy idealisme begryp en gebillik. Kortom, hy het die dinamiese, die heroïese, in die gees van die Afrikaner opgevang en dit werkstellig gemaak. Dit was tegelyk 'n raak opmerking en hoë kompliment wat 'n afgevaardigde op die afskeidskongres in Oktober 1954 op George gemaak het: "Hy het 'n ingebore aanvoeling vir die ware belange van Suid-Afrika gehad".

Sy krag het ook daarin gelê dat hy 'n leier met 'n besliste normatiewe lewensbeskouing was. Hy het duidelike norme gehad wat hy toegepas het; hy was nie tevrede om te sê hoe dinge <u>is</u> of <u>was</u> nie, of hoe hy verwag dat dit in die toekoms <u>sal wees</u> nie, maar hy het ook gesê hoe dinge <u>behoort te wees</u>. (X) Self norma. Hy was die antitese van alle vorme van permissiwiteit. Met sy duidelike

(X) Maar soos met begenadigde groot leiers soms gebeur, was hy méér: hy het self norma geword. Ons het immers al gehoor, in Kaapland en ook in ander Provinsies, hoe mense in probleemsituasies, of staatkundige ~~vraagstukke~~ gevra het: Wat sou dr. Malan gesê het? Wat sou dr. Malan gedoen het?

...er, kan ons ...ding gemaak ...baar was, tussen

...leier op wie ~~was hy ook~~ ~~En daar was~~ ~~...iginge van sy~~ ~~'n nuwe tydvak~~ ~~...rkeerd gelees~~ ~~...elike nalaten-~~ ~~...vir hom~~ ~~gekoester het, sy oor nie saam met sy mede-Afrikaner op die grond gehad het nie.~~

Om ons/..............

Om ons perspektief suiwer te hou, moet ons dr. Malan se opvattinge nie deur die bril van hedendaagse idees, toestande en gebeurtenisse sien nie, maar wel binne die raam van die tyd self. Dit mag elemente bevat wat vir sommige vandag miskien vanselfsprekend of selfs oud-modies lyk, maar 'n mens moet onthou dat dit vyftig jaar gelede, of veertig, dertig, twintig of selfs tien jaar gelede, nie vanselfsprekend of oud-modies was nie. In die geskiedenis vra ons of 'n leier 'n plek gehad het in die onafgebroke verloop van dinge, nie in absolute sin nie maar in relatiewe sien, d.w.s. binne die omstandighede waaronder hy geleef en gewerk het. En dit is wanneer 'n mens hierby kom dat jy aan dr. Malan 'n besondere plek in ons geskiedenis moet toeken.

Sy werk was dié van fondamentbouer. Met 'n skrale vyf-man-meerderheid in die Volksraad het hy die grondslag gelê vir 'n nuwe era in die staatkundige lewe van Suid-Afrika: op elkeen van sy denkbeelde wat ons gestel het, is daar voortgebou, en Suid-Afrika, soos ons hom vandag ken, is in hoë mate die verdere uitvloeisel van denkbeelde en werk van D.F. Malan. Vanselfsprekend het hy die aktiewe medewerking van baie om hom gehad, en 'n mens gee graag volle erkenning vir die bydrae wat hulle gelewer het, maar dr. Malan, as Eerste Minister, was die hart van die Regering; dis hy wat per slot van rekening die verantwoordelikheid gedra het.

Ek sluit af met 'n beeld wat ek by 'n ander D.F. Malan-huldiging gebruik het. By geleentheid het ek by Kwaaiwater in Hermanus gestaan. Baie van u ken die plek; 'n swaar, donker rots steek daar 'n ent in die see in. Terwyl ek daar staan, kom 'n geweldige brander, aangedryf deur 'n sterk noordweste wind, ~~breek~~ en breek met woeste geweld oor die rots heen, sodat dit heeltemal toe onder die water is. Maar as die siedende watermassa wegsak, is die rots nog daar. Daar kom 'n tweede brander, selfs groter as die eerste, en breek met nog meer geweld oor die rots heen, maar as die skuimende water wegsak, is die rots nog daar, onbeweeglik, onveranderd, ongeskonde.

Hierin het ek dr. Malan gesien. Woeste branders het oor ons volks-

lewe/................

lewe en oor die hele Suid-Afrika geslaan, en hulle het met geweld ook oor sy eie hoof gebreek, maar hulle het hom nie vernietig nie; elke keer as die geweld wegsak, is hy nog daar, onbeweeglik, onveranderd, ongeskonde. Só was hy; en só rys sy gestalte vandag weer voor ons op - 'n Gawe van God aan Suid-Afrika.

Ons bring hulde aan sy onsterflike nagedagtenis.

\+ + + + + +

~~En ek voeg by wat [illegible] P.W.B. nog onlangs gesê het: "Sy stryfvuur was nooit haat nie, maar altyd liefde en geloof."~~